# In Sy Naam





**AGS Rayton**
**18 Julie 2021**
**Past Gustav van Aardt**

# In Sy Naam

- Mense doen soms dinge in iemand se naam
- Beweeg en doen ons nog in die Naam van Jesus Christus?

13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.
14 As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.
*Joh 14:13-14*

## Die Naam van Jesus

- Griekse woord "Jesus" is 'n vertaling van die *Jeshua* wat beteken 'Die Here is 'n hulp'.
- Jesus van Nasaret is so genoem omdat Hy die Een is wat sy volk van hulle sondes sou verlos
- Die naam Christus (Hebreeus: *Messiah*) beteken gesalfde. Dit dui op die Een wat deur God gesalf is om sy volk te verlos.

en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. *Mat 1:21*

## Skrifgedeelte – Fil 2:9-11

9 Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,
10 sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,
11 en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

**Jesus Christus**

## Naam bo alle name

- Jesus is tot die hoogste posisie verhoog
- "God has highly exalted Him"
- God het aan Hom 'n Naam gegee bo elke ander naam.

Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is *Fil 2:9*

En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Mat 28:18

## Elke knie sal buig

- Elke mens en wese Sal buig in Sy Naam
- Ook siekte, probleme, laste, bekommernis, vrees ens sal moet buig voor Jesus
- Geen uitsondering nie

sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,
*Fil 2:10*

# Elke tong sal bely

- Sal dit uitspreek dat die Jesus Christus die Here is
- Sal Sy Naam uitspreek.
- Spreek ons Sy Naam uit? Praat ons dit?

en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader *Fil 2:11*

# Die wêreld hou nie daarvan nie

En julle sal gehaat wees deur almal ter wille van my Naam. *Luk 21:17*

**Hand 4 – Petrus en Johannes**
7 en toe hulle hul voorgebring het, vra hulle: Deur watter mag
en deur watter naam het julle dit gedoen?
10 laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van
Israel dat deur die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, wat
julle gekruisig het,
17 Maar dat dit nie nog meer onder die volk versprei word nie,
laat ons hulle dreig om nie meer in hierdie Naam met enige mens
te spreek nie.
18 En hulle het hul geroep en hulle bevel gegee om in die geheel
nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie. *Hand 4*

## Genesing in Sy Naam

Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop. *Hand 3:6*

En deur die geloof in sy Naam het sy Naam hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak, en die geloof wat deur Hom is, het hom hierdie volkome gesondheid gegee in die teenwoordigheid van julle almal. *Hand 3:16*

## Krag en Bekering in Sy Naam

Die Naam van die HERE is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut. *Spr 18:10*

Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue. *Hand 8:12*

## Redding in Sy Naam

Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God. 1 Joh 5:13

Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Rom 10:13

## Bewaar Sy Naam

7 En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:
8 Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.
Openbaring 3:7-8

## Gebruik ons Sy Naam?

- Hoekom gebruik ons nie die Naam van Jesus Christus meer nie?
- Het ons dalk vergeet?
- Is ons skaam?
- Ken ons nie Sy Naam nie?
- Aardse name gaan vergaan – net een sal bly staan.
- Mense waag dit om verkeerde dinge in menslike name te doen.
- Wat doen ons met en in die Naam van Jesus Christus?

## Ken Sy Naam

Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken. *Ps 91:14*

2 Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.
3 En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die HERE van die leërskare. Mal 4:2-3